W.5 WILGERKRUID/WILLOW-HERB

(*Ludwigia stolonifera* (Guill. & Perr.) Raven)

Familie: Onagraceae

(Opgestel deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde, Pretoria)

Wilgerkruid is 'n spreidende, gewortelde, meerjarige plant wat in moerasse en op rivieroewers of ander waterliggame groei. Die plant se lang, rankende, rooibruin stingels word dikwels deur bondels wit of pienk spoelvormige lugorgane bo die water gehou. Die blink, donkergroen, smal spiesvormige blare is ongeveer 60 mm lank, is gaafrandig en word enkel op verskillende hoogtes van die stingel gedra. Die blomme is ongeveer 20 tot 30 mm in deursnee en besit vyf geel kroonblare. Die blomme kom enkel in die oksels van die boonste blare voor. Die harde, silindriese vrugkapsules is 10 tot 30 mm lank en bars oop om 'n groot hoeveelheid klein saadjies te versprei.

Verwante spesies

Die wilgerkruid kan van die sewe ander *Ludwigia*-spesies in die gebied deur die wit tot ligpienk spoelvormige lugorgane en blink donkergroen blare onderskei word.

Verspreiding

Dit kom voor vanaf die Transkei noordwaarts dwarsdeur die vogtige streke van Afrika en die nabye Ooste.

Ekologie

Wilgerkruid groei in modder en in stilstaande tot stadig vloeiende, vlak water, in moerasse, panne, damme en riviere. Die blare van plante wat in modder groei is kleiner as die wat in water groei. Dit word dikwels saam met waterlelies (*Nymphaea*-spesies) aangetref.

Belangrikheid

Wanneer die plante in digte massas groei kan dit die toeslikking van damme aanhelp asook hengel en watersport belemmer. Die sade word deur watervoëls geëet.

Wetgewing en beheer

Daar is geen wetgewing vir die beheer van wilgerkruid nie. Raadpleeg Steyn, Scott, Ashton en Vivier (1979) vir beheermaatreëls.



Opmerkings

Die genusnaam *Ludwigia* is ter gedagtenis aan C.G. Ludwig, 'n professor in Geneeskunde in Leipzig ongeveer 1740; *stolonifera* = uitloperdraend.

Spesienommer: 5793.000-00400

Literatuurverwysings

RAVEN, P.H., 1963. The Old World species of *Ludwigia* (including *Jussiaea*), with a synopsis of the genus (Onagraceae). *Reinwardtia* 6: 327-427.

STEYN, D.J., SCOTT, W.E., ASHTON, P.J. & VIVIER, F.S., 1979. *Guide to the use of herbicides on aquatic plants.* Technical Report No. TR 95. Pretoria: Department of Water Affairs.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Perskor vir die Staatsdrukker, Pretoria en verkrygbaar van die Direkteur, Afdeling Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria.

1980